

ENDOSSEMENT SF2501 eff 2025-12

Die onderstaande wysigings, wat op **1 Desember 2025** in werking tree, is in die **Safire Stellar Boerdery** polis ingesluit.

Afdeling: Algemeen

4. Algemene bepalinge en voorwaardes

Die Voorkoming van verlies of skade klousule is in twee verdeel, en lees nou soos volg:

Bewoording van toepassing voor 1 Desember 2025

Voorkoming van verlies of skade

Voorkoming / vermindering van verlies of skade

- A) Jy moet, te alle tye, redelike sorg aan die dag lê, sowel as die nodige en tydige stappe neem om verlies, skade, besering, siekte of aanspreeklikheid te voorkom of te verminder.
- B) Hierdie verpligting sluit in, maar is nie daartoe beperk nie, dat jy moet voldoen aan enige wetgewing en regulasies wat op die risiko's onder hierdie polis van toepassing is of beïnvloed, ongeag of hierdie wette van krag is ten tyde van die uitreiking van hierdie polis of eers daarna van krag word. Indien jy versuim om aan enige sodanige wetgewing of regulasies te voldoen, sal ons geregtig daarop wees om enige eis af te keur, indien sodanige versuim 'n materiële effek op die eis het.
- C) Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige eis of verlies of skade wat voortspruit uit enige doelbewuste, bewuste of opsetlike verontagsaming deur jou of jou werknemers van die noodsaaklikheid om alle redelike stappe te neem om 'n eis te voorkom nie.
- D) Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige eis of verlies of skade wat ontstaan uit omstandighede waar daar growwe nalatigheid aan jou kant is nie.

Bewoording van toepassing vanaf 1 Desember 2025

Voorkoming van verlies of skade

Voorkoming / vermindering van verlies of skade

- A) Jy moet, te alle tye, redelike sorg aan die dag lê, sowel as die nodige en tydige stappe neem om verlies, skade, besering, siekte of aanspreeklikheid te voorkom of te verminder.
- B) Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige eis of verlies of skade wat voortspruit uit enige doelbewuste, bewuste of opsetlike verontagsaming deur jou of jou werknemers van die noodsaaklikheid om alle redelike stappe te neem om 'n eis te voorkom nie.
- C) Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige eis of verlies of skade wat ontstaan uit omstandighede waar daar growwe nalatigheid aan jou kant is nie.

Voldoening aan wetgewing en regulasies

Voldoening aan wetgewing en regulasies

- A) Jy waarborg dat jy en jou besigheid, voor die plaasvind van enige verlies of skade, voldoen aan enige wetgewing en regulasies wat op die risiko's onder hierdie polis van toepassing is of beïnvloed, ongeag of hierdie wette van krag is ten tyde van die uitreiking van hierdie polis of eers daarna van krag word.
- B) Indien jy versuim om aan enige sodanige wetgewing of regulasies te voldoen, hetsy jy van sodanige versuim bewus is aldan nie, sal ons geregtig daarop wees om enige eis af te keur, indien sodanige versuim 'n materiële effek op die eis het.

Veiligheidswagte

Hierdie nuwe klousule maak voorsiening vir die koste van veiligheidswagte ná 'n versekerde gebeurtenis.

Die klousule lees soos volg:

Veiligheidswagte

- A) Ons sal jou vergoed vir die koste van veiligheidswagte wat ná die plaasvind van 'n omskrewe gebeurtenis noodsaaklikerwys deur jou aangestel is om die versekerde eiendom te beskerm. Vergoeding is beperk tot die bedrag genoteer in **Aanhangsel B**, of sodanige hoër bedrag genoteer in die skedule en waarvoor bykomende premie betaal is.
- B) Hierdie voorsiening is afsonderlik op die Brand, Geboue Omvattend, Kantoorinhoud, Diefstal, Glas, Goedere in Transito, Elektroniese Toerusting en Sonaanleg afdelings van die polis van toepassing.

5. Algemene Uitsluitings

Sanksies

Hierdie uitsluiting is soos volg gewysig: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig):

Sanksies

Ons sal nie geag wees om dekking te verskaf en sal nie aanspreeklik wees om enige eis te betaal of om enige voordeel ingevolge hierdie polis te bied indien die voorsiening van sodanige dekking, betaling van sodanige eis of voorsiening van sodanige voordeel ons sal blootstel aan enige sanksie, verbod of beperking onder Verenigde Nasies resolusies, of die handels of ekonomiese sanksies, wette of regulasies van die Europese Unie, Verenigde Koninkryk of Verenigde State van Amerika nie (**onderhewig daaraan diit nie bestaande EU regulasies en/of Duitse reg oortree nie**).

Stellar Lewenstyl nie-motor Afdelings

Afdeling S01: Huiseienaars

S1.5 Huiseienaars Uitbreidings

Verlies van water deur lekkasie

Hierdie uitbreiding is gewysig om nou lekkasie-opsporing in te sluit.

Die uitbreiding lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Verlies van water deur lekkasie

A) Ons sal jou vergoed vir:

- die koste van water wat uit lekkende pype in die gebou(e) en op die perseel verloor is, onderhewig daaraan dat jy verantwoordelik is om hierdie kostes te betaal en op voorwaarde dat:
 - die waterlesing die gemiddeld van die voorafgaande 4 (vier) lesings met ten minste 50% (vyftig persent) oorskry;
 - sodra jy van die lekkasie bewus raak, jy onmiddellik stappe neem om die pype op jou onkoste te herstel;

b) die koste om enige water lekkasies op die versekerde perseel op te spoor.

B) Die dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.

C) Nieteenstaande die bogenoemde, sal ons jou nie vergoed vir water wat verloor is van:

- lekkende krane, geisers of toilette;
- swembaddens of lekkasies in hulle inlaat- of uitlaatspype;
- lekkasies wat voorkom wanneer die gebou(e) vir meer as 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon is nie.

Kragstuwing

Hierdie uitbreiding is gewysig om kragstuwing dekking tot die versekerde waarde van die betrokke woning wat in die skedule genoteer is, in te sluit.

Die uitbreiding lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Kragstuwing

- Ons sal jou vergoed vir verlies of skade aan vaste elektriese toebehore van enige versekerde geboue **direk** veroorsaak deur kragstuwing.
- Dekking is beperk tot die **versekerde bedrag van die betrokke versekerde gebou, soos genoteer in die skedule.**

Insakking en grondverskuiwing – beperkte dekking

Hierdie uitbreiding word gewysig en beperk nie voortaan skade tot sodanig dat diit deur vloeiende oppervlakwater veroorsaak moet word nie.

Die uitbreiding lees nou soos volg:

Insakking en grondverskuiwing – beperkte dekking

- Ons dek vernietiging van of skade aan die gebou(e) veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing as gevolg van of veroorsaak deur 'n versekerde gevaar soos uiteengesit ingevolge D1.4.1 Versekerde gebeurtenisse.
- Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

- a) vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fundamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;
 - b) vernietiging van of skade aan septiese- of opgaartenks, riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, terrasse, hekke, hekpale of heinings, tensy spesifiek as 'n aparte item in die skedule verseker en hierdie uitbreiding as ingesluit aangedui word;
 - c) skade veroorsaak deur of te wyte aan foutiewe ontwerp, materiale of vakmanskap of die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;
 - d) skade veroorsaak deur of te wyte aan werksmense wat besig is met toevoegings, ombouings of herstel van die gebou(e) op die versekerde perseel;
 - e) skade veroorsaak deur of te wyte aan uitgrawings, hetsy bogronds of ondergronds, buiten uitgrawings wat verband hou met mynbedrywighede;
 - f) daaropvolgende verlies van enige aard, behalwe Verlies van Huurgeld indien spesifiek onder hierdie afdeling verseker;
 - g) skade aan skermure, opritte, plaveisel, swembaddens, tennishane, sauna en spa-kamers / baddens of patio's;
 - h) skade veroorsaak deur of te wyte aan kontraksie / inkrimping en / of uitsit van grond veroorsaak deur vog / klamheid of voginhoud van sodanige grond soos ondervind in klei of ander soortgelyke grond;
 - i) skade veroorsaak deur of te wyte aan onvoldoende kompaksie van invul;
 - j) skade veroorsaak deur erosie langs riviere of kuslyne;
 - k) skade veroorsaak deur normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e).
 - l) werk benodig om verdere verlies of skade as gevolg van insakking, opheffing of grondverskuiwing te verhoed, behalwe waar toepaslike ontwerp-voorsorgmaatreëls tydens die oorspronklike oprigting van die gebou(e), en enige daaropvolgende aanbouings, ingestel is.
- C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou rus om die teendeel te bewys.

S1.6 Huiseienaars Opsionele Uitbreidings

Insakking en grondverskuiwing – uitgebreide dekking

Hierdie uitbreiding is gewysig om met die wysigings onder 1.5 hierbo te belyn. Opwelling is nie meer ingesluit nie.

Die uitbreiding lees nou soos volg:

Insakking en grondverskuiwing – uitgebreide dekking

- A) Ons dek vernietiging van of skade aan die gebou(e) veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing.
- B) Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:
 - a) vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fundamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;
 - b) vernietiging van of skade aan septiese- of opgaartenks, riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, terrasse, hekke, hekpale of heinings, tensy spesifiek as 'n aparte item in die skedule verseker en hierdie uitbreiding as ingesluit aangedui word;
 - c) skade veroorsaak deur of te wyte aan foutiewe ontwerp, materiale of vakmanskap of die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;
 - d) skade veroorsaak deur of te wyte aan werksmense wat besig is met toevoegings, verbouings of herstel van die gebou(e) op die versekerde perseel;
 - e) skade veroorsaak deur of te wyte aan uitgrawings, hetsy bogronds of ondergronds, buiten uitgrawings wat verband hou met mynbedrywighede;
 - f) daaropvolgende verlies van enige aard, behalwe Verlies van Huurgeld indien spesifiek onder hierdie afdeling verseker;
 - g) skade veroorsaak deur of te wyte aan kontraksie / inkrimping en / of uitsit van grond veroorsaak deur vog / klamheid of voginhoud van sodanige grond soos ondervind in klei of ander soortgelyke grond;
 - h) skade veroorsaak deur of te wyte aan onvoldoende kompaksie van invul;
 - i) skade veroorsaak deur normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e).

- j) werk benodig om verdere verlies of skade as gevolg van insakking, opheffing of grondverskuiwing te verhoed, behalwe waar toepaslike ontwerp-voorsorgmaatreëls tydens die oorspronklike oprigting van die gebou(e), en enige daaropvolgende aanbouings, ingestel is.
- C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou rus om die teendeel te bewys.

Afdeling S02: Huisbewoners

S2.5 Huisbewoners Uitbreidings

Voedsel

Die uitbreiding is gewysig om:

- verkoelde medikasie in te sluit;
- op te klaar dat ons nie verslegting van voedsel vanweë die uitprop van 'n verkoelingseenheid, dek nie;
- op te klaar dat ons nie medikasie ná die betrokke vervaldatum, dek nie;
- die opsie om die verhoging van die vergoedingsperk teen bykomende premie in te sluit.

Die uitbreiding lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Voedsel en medikasie

- A) Ons sal jou vergoed vir verlies weens die verslegting van voedsel **en medikasie** terwyl dit in enige yskas of vrieskas is en veroorsaak deur toevallige onderbreking van die kragtoevoer (gas en paraffien ingesluit) of deur die onklaarraking van die verkoelingseenheid.
- B) Ons dek nie verslegting van voedsel **en medikasie** veroorsaak deur die volgende nie:
- a) onderbreking in jou kragtoevoer deur wanbetaling van jou elektrisiteitsrekening of jou versuim om voorafbetaalde krag (insluitend brandstof, gas en paraffien) te koop;
 - b) beurtkrag of faling van die elektrisiteitsnetwerk, soos gedefinieer ingevolge Algemene Uitsluiting 5.9 B) of
 - c) die verstelling van die temperatuurbeheer, **uitprop van die verkoelingseenheid of afskakeling van die verkoelingseenheid of muurprop** deur enige persoon; of
 - d) **verliese wat plaasvind ná die verstryking van die vervaldatum wat op die verpakking van sodanige medikasie aangedui is.**
- C) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, **of sodanige hoër bedrag genoteer in die skedule en waarvoor bykomende premie betaal is.**

Meganiese en elektriese onklaarraking

Die uitbreiding is gewysig om nie meer dekking te beperk tot items wat onklaar raak binne 5 jaar van die verstryking van die vervaardiger se waarborg nie.

Die uitbreiding lees nou soos volg:

Meganiese en elektriese onklaarraking

- A) Nieteenstaande die beperkings van Algemene Uitsluiting 16 A)ii, sal ons jou vergoed vir skade aan jou huishoudelike toestelle (buiten stofsuiers, haardroërs en kraggereedskap) terwyl in die gebou(e) of op die perseel, wat veroorsaak is deur meganiese of elektriese onklaarraking.
- B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B of sodanige hoër perk genoteer in die skedule en waarvoor bykomende premie betaal is.
- C) Ons sal nie aanspreeklik wees vir verlies of skade gedek deur 'n vervaardiger se waarborg, koop-ooreenkoms of dienskontrak nie.

Kragstuwing

Hierdie uitbreiding is gewysig om kragstuwing dekking tot die versekerde waarde van die inhoud wat in die skedule genoteer is, in te sluit.

Die uitbreiding lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Kragstuwing

- A) Ons sal jou vergoed vir verlies of skade aan die versekerde inhoud van die geboue **direk** veroorsaak deur kragstuwing.
- B) Dekking is beperk tot die **versekerde bedrag van die betrokke inhoud, soos genoteer in die skedule.**

Afdeling S03: Persoonlike Alle Risiko's

S3.3 Persoonlike Alle Risiko's Dekking

Omskrewe gebeurtenisse

Hierdie klousule is gewysig om nou voorsiening te maak dat die versekerde eiendom die versekerde vir langer as 6 opeenvolgende maande buite Suid-Afrika kan wees.

Die klousule lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Ongespesifiseerde items

Ongespesifiseerde items

- A) Jy is gedek vir toevallige verlies van of skade aan jou versekerde eiendom, terwyl dit in die Republiek van Suid-Afrika is, of wat jou tydelik vergesel na enige ander plek in die wêreld gedurende tydelike besoeke **onderhewig daaraan dat die versekerde eiendom onder jou toesig en beheer ten tyde van die verlies of skade is.**
- B) Dekking ingevolge hierdie afdeling is beperk tot:
- die bedrae en persentasies wat in die skedule genoteer is; of
 - die nuwe vervangingswaarde van die items wat beskadig of verlore is; of
 - die bedrae en persentasies wat in Aanhangsel B genoteer is; watter ookal die laagste is.

S3.4 Persoonlike Alle Risiko's Uitbreidings

Afstandbeheer-blokkering

Hierdie uitbreidings is soos volg gewysig:

- die uitbreiding sluit nou dekking tot die volle vervangingswaarde van die item in, onderhewig aan die voorwaarde dat beeldmateriaal van die diefstal beskikbaar is.
- in die afwesigheid van sodanige vereiste beeldmateriaal, odie vergoeding tot R5 000 per item gewysig.
- ons tref voortaan geen onderskeid tussen gespesifiseerde en ongespesifiseerde items onder hierdie uitbreiding nie.

Die uitbreiding lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Afstandbeheerblokkering

- A) Ons sal jou vergoed vir die verlies van eiendom as gevolg van diefstal uit 'n onbewaakte voertuig **sonder sigbare tekens van kragdadige en gewelddadige ingang**, mits:
- die items ten tyde van die diefstal gestoor is in 'n geslote katebak en gevolglik ten volle versteek, of versteek is in 'n ingeslote kompartement wat deel uitmaak van die voertuig;
 - die voertuig se vensters toe was en** jy gepoog het om die voertuig te sluit voor die diefstal; en
 - die gebeurtenis aan die polisie gerapporteer is en die saaknommer aan ons verskaf is in die eisvorm.
- B) Die vergoeding is beperk tot die **vervangingswaarde van die gesteelde item(s), mits jy beeldmateriaal van die gebeurtenis verskaf. In die afwesigheid van sodanige beeldmateriaal**, sal vergoeding beperk wees tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.

S3.7 Persoonlike Alle Risiko's Uitsluitings

Sporttoerusting in gebruik

Hierdie uitsluiting is verwyder.

Boerdery nie-motor afdelings

Afdeling F01: Brand

F1.1 Brand Definisies

Versekerde eiendom

Die definisie van geboue is gewysig om die verskil tussen standaard en nie-standaard konstruksie op te klaar. Alle nie-standaard geboue moet spesifiek as sodanig in die skedule genoteer word.

Die definisie van geboue lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

- Geboue: geboue insluitend verhuurder se toebehore daarin of daaraan, mure (behalwe damwalle), hekke, pale en heinings. **Tensy andersins in die skedule vermeld, moet die geboue se konstruksie van steen, klip, sement of metaal met 'n leiklip, teël, metaal of sement dak wees. Oopkantige geboue en geboue met hout, viniel, metaal, asbes, veselbord of saamgestelde materiaal bedekking word as nie-standaard geag en moet dienoreenkomstig in die skedule genoteer word.**

F1.4 Brand Dekking

Die versekerde gevare word nou soos hieronder gelys. Bykomend is dekking uitgebrei om impak deur klippe en rotse in te sluit.

Omskrewe gebeurtenisse

1. Omskrewe gebeurtenisse

Skade aan die versekerde eiendom soos vermeld in die skedule (hetsy in geheel of gedeeltelik), wat deur jou besit word of waarvoor jy verantwoordelik is, insluitende enige verbeterings / verbouings aan die geboue en strukture wat deur jou aangebring is, welke skade veroorsaak is deur die versekerde gevare hieronder gelys, maar slegs indien sodanige gevare in die skedule as ingesluit aangedui is.

Versekerde gevare

2. Versekerde gevare (indien in die skedule as ingesluit aangedui is)

A) Brand

- a) Brand, insluitend skade veroorsaak deur rook wat direk uit sodanige brand voortspruit.
- b) Hierdie gevaar dek nie brandskade aan eiendom veroorsaak deurdat dit enige verhittings- of uitdrogingsproses ondergaan nie, tensy sodanige skade veroorsaak is deur brand wat onafhanklik van en ekstem tot sodanige verhittings- of uitdrogingsproses is.

B) Weerlig of donderslag

Weerlig of donderslag, insluitend skade deur kragstuwing wat direk uit sodanige weerlig voortspruit.

C) Ontploffing

D) Aardbewing

- a) Aardbewing, hetsy voortspruitend uit mynboubedrywighede of andersins.
- b) Hierdie gevaar dek nie skade aan eiendom in die ondergrondse werking van enige myn nie.

E) Water en weer

- a) Weerskade beteken skade veroorsaak deur storm, wind, water, hael of sneeu;
- b) Hierdie gevaar dek nie skade aan eiendom:
 - 1) wat voortspruit uit enige proses wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;
 - 2) veroorsaak deur 'n vloedgolf of tsunami wat ontstaan as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting;
 - 3) in die ondergrondse werking van enige myn;
 - 4) in die ope (behalwe geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die ope te wees of te werk);
 - 5) in enige struktuur wat nie heeltemal bedek of onder dak is nie;
 - 6) wat keurmure is;
 - 7) veroorsaak of vererger deur:
 - i. lekkasie of ontlading van enige besproeiingstelsels in die geboue wat hierkragtens verseker word of in geboue wat eiendom bevat wat hierkragtens verseker word;
 - ii. jou versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om skade tot 'n minimum te beperk;

nie.

F) Impak

- a) Impak beteken impak deur:
 - 1) lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;

- 2) diere, vallende bome / takke, antennas / lugdrade, satellietkottels of voertuie, met uitsluiting van enige skade aan sodanige diere, bome, antennas / lugdrade, satellietkottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.
- 3) **klippe en rotse, buiten:**
 - i. **impak veroorsaak deur insakking;**
 - ii. **die opsetlike of moedswillige aksie deur enige persoon met die intensie om sodanige skade te veroorsaak; of**
 - iii. **impak deur meteoriete, asteroïedes of soortgelyke hemelliggame wat die aarde se atmosfeer binnekom nie.**

F1.5 Brand Uitbreidings

Kragstuwing

Hierdie uitbreiding is gewysig ten einde met die bogenoemde benadering rondom versekerde gevare te bely.

Die uitbreiding lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Kragstuwing

- A) Hierdie afdeling is uitgebrei om kragstuwing te dek vir enige elektriese toerusting terwyl dit in die gebou(e) is op die perseel vermeld in die skedule.
- B) **Hierdie uitbreiding dek nie kragstuwing wat voortspruit uit weerlig nie.**
- C) Ons **aanspreeklikheid** is beperk tot die bedrag uiteengesit in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag in jou skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is.

Insakking en grondverskuiwing – beperkte dekking

Hierdie uitbreiding word gewysig en beperk nie voortaan skade tot sodanig dat dit deur vloeiende oppervlakwater veroorsaak moet word nie.

Die uitbreiding lees nou soos volg:

Insakking en grondverskuiwing – beperkte dekking

- A) Ons dek vernietiging van of skade aan die gebou(e) veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing as gevolg van or versoorak deur 'n versekerde gevaar soos uiteengesit ingevolge D1.4.1 Versekerde gebeurtenisse.
- B) Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:
 - a) vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fundamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;
 - b) vernietiging van of skade aan sepietse- of opgaartenks, rirole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, terrasse, hekke, hekpale of heinings, tensy spesifiek as 'n aparte item in die skedule verseker en hierdie uitbreiding as ingesluit aangedui word;
 - c) skade veroorsaak deur of te wyte aan foutiewe ontwerp, materiale of vakmanskap of die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;
 - d) skade veroorsaak deur of te wyte aan werksmense wat besig is met toevoegings, verbouings of herstel van die gebou(e) op die versekerde perseel;
 - e) skade veroorsaak deur of te wyte aan uitgrawings, hetsy bogronds of ondergronds, buiten uitgrawings wat verband hou met mynbedrywighede;
 - f) daaropvolgende verlies van enige aard, behalwe Verlies van Huurgeld indien spesifiek onder hierdie afdeling verseker;
 - g) skade aan skermure, opritte, plaveisel, swembaddens, tennissbane, sauna en spa-kamers / baddens of patios;
 - h) skade veroorsaak deur of te wyte aan kontraksie / inkrimping en / of uitsit van grond veroorsaak deur vog / klamheid of voginhoud van sodanige grond soos ondervind in klei or ander soortgelyke grond;
 - i) skade veroorsaak deur of te wyte aan onvoldoende kompaksie van invul;
 - j) skade veroorsaak deur erosie langs riviëre of kuslyne;
 - k) skade veroorsaak deur normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e).
 - l) werk benodig om verdere verlies of skade as gevolg van insakking, opheffing of grondverskuiwing te verhoed, behalwe waar toepaslike ontwerp-voorsorgmaatreëls tydens die oorspronklike oprigting van die gebou(e), en enige daaropvolgende aanbouings, ingestel is.
- C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou rus om die teendeel te bewys.

F1.6 Brand Opsionele Uitbreidings

Insakking en grondverskuiwing – uitgebreide dekking

Hierdie uitbreiding is gewysig ten einde met die wysigings rondom 1.5 hierbo te bely. Opwelling is nie meer ingesluit nie.

Die uitbreiding lees nou soos volg:

Insakking en grondverskuiwing – uitgebreide dekking

- A) Ons dek vernietiging van of skade aan die gebou(e) veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing as gevolg van of veroorsaak deur 'n versekerde gevaar soos uiteengesit ingevolge D1.4.1 Versekerde gebeurtenisse.
- B) Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:
- a) vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fondamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;
 - b) vernietiging van of skade aan septiese- of opgaartenks, riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, terrasse, hekke, hekpale of heinings, tensy spesifiek as 'n aparte item in die skedule verseker en hierdie uitbreiding as ingesluit aangedui word;
 - c) skade veroorsaak deur of te wyte aan foutiewe ontwerp, materiale of vakmanskap of die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;
 - d) skade veroorsaak deur of te wyte aan werksmense wat besig is met toevoegings, verbouings of herstel van die gebou(e) op die versekerde perseel;
 - e) skade veroorsaak deur of te wyte aan uitgrawings, hetsy bogronds of ondergronds, buiten uitgrawings wat verband hou met mynbedrywighede;
 - f) daaropvolgende verlies van enige aard, behalwe Verlies van Huurgeld indien spesifiek onder hierdie afdeling verseker;
 - g) skade veroorsaak deur of te wyte aan kontrakisie / inkrimping en / of uitsit van grond veroorsaak deur vog / klamheid of voginhoud van sodanige grond soos ondervind in klei or ander soortgelyke grond;
 - h) skade veroorsaak deur of te wyte aan onvoldoende kompaksie van invul;
 - i) skade veroorsaak deur normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e).
 - j) werk benodig om verdere verlies of skade as gevolg van insakking, opheffing of grondverskuiwing te verhoed, behalwe waar toepaslike ontwerp-voorsorgmaatreëls tydens die oorspronklike oprigting van die gebou(e), en enige daaropvolgende aanbouings, ingestel is.
- C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou rus om die teendeel te bewys.

F1.7 Brand Klousules, Voorwaardes & Waarborges

Landboukundige masjinerie en toerusting in die ope

Die klousule is aangepas om op te klaar dat die vloeduitsluiting onder die 100-jaar vloedlyn tot pompe en verwante toerusting beperk is.

Die klousule lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Landboukundige masjinerie en toerusting in die ope

Dekking word uitgebrei om landboukundige masjinerie en toerusting wat ontwerp is om in die ope lug te wees, in te sluit, maar sluit **vloedskade aan pompe en verwante toerusting** in riviere, op rivieroewers en spruite onder die historiese 100 (honderd) jaar maksimum vloedhoogtemerk, uit.

Afdeling F02: Geboue Omvattend

F2.4 Geboue Omvattend Dekking

Versekerde gevare

Die versekerde gevare word nou soos hieronder gelys. Bykomend is dekking uitgebrei om impak deur klippe en rotse in te sluit.

Jy is gedek vir verlies van of skade aan versekerde eiendom veroorsaak deur die volgende versekerde gevare wat by die perseel ontstaan of plaasvind, maar slegs vir daardie gevare wat in die skedule as ingesluit aangedui is.

Onder-afdeling A Eiendom

Onder-afdeling A: Eiendom

A) Brand

- a) Brand, insluitend skade veroorsaak deur rook wat direk uit sodanige brand voortspruit.

- b) Hierdie gevaar dek nie brandskade aan eiendom veroorsaak deurdat dit enige verhittings- of uitdrogingsproses ondergaan nie, tensy sodanige skade veroorsaak is deur brand wat onafhanklik van en ekstern tot sodanige verhittings- of uitdrogingsproses is.

B) Weerlig of donderslag

Weerlig of donderslag, insluitend skade deur kragstuwing wat direk uit sodanige weerlig voortspruit.

C) Ontploffing

D) Aardbewing

- a) Aardbewing, hetsy voortspruitend uit mynboubedrywighede of andersins.
b) Hierdie gevaar dek nie skade aan eiendom in die ondergrondse werking van enige myn nie;

E) Water en weer

- a) Weerskade beteken skade veroorsaak deur storm, wind, water, hael of sneeu.
b) Hierdie gevaar dek nie skade aan eiendom:
1) wat voortspruit uit enige proses wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;
2) wat keermure is;
3) verlies of skade veroorsaak of vererger deur jou versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om skade tot 'n minimum te beperk;
nie.

F) Impak

- a) Impak beteken impak deur:
1) lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;
2) diere, vallende bome / takke, antennas / lugdrade, satellietkottels of voertuie, met uitsluiting van enige skade aan sodanige diere, bome, antennas / lugdrade, satellietkottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.
3) **klippe en rotse, buiten:**
i. **impak veroorsaak deur insakking;**
ii. **die opsetlike of moedswillige aksie deur enige persoon met die intensie om sodanige skade te veroorsaak; of**
iii. **impak deur meteoriete, asteroïedes of soortgelyke hemelliggame wat die aarde se atmosfeer binnekom nie.**

G) Diefstal

- a) Diefstal (of enige poging tot diefstal) wat gepaard met sigbare kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit die gebou.
b) Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat, vir 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie klousule opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy jy voor die plaasvind van enige skade ons skriftelike toestemming verkry vir die voortsetting van hierdie klousule. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van onbewoning word jy 'n mede-versekeraar saam met ons en dra jy 'n eweredige deel van enige skade, gelykstaande aan 20% (twintig persent) van die eis voor die affrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

H) Toevallige skade aan sanitêre ware.

F2.5 Geboue Omvattend Uitbreidings

**Diefstal van vaste
eksterne toebehore**

Nuwe uitbreiding.

Diefstal van vaste eksterne toebehore is nou standaard ingesluit, onderhewig aan bepaalde perke.

Die uitbreiding lees soos volg:

Diefstal van vaste eksterne toebehore

- A) Dekking ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om verlies van of skade aan permanente vaste eksterne toebehore aan die versekerde geboue en veroorsaak deur diefstal (of poging daartoe) in te sluit.
B) Dekking ingevolge hierdie uitbreiding is beperk tot die bedrag genoteer in **Aanhangsel B**, of sodanige hoër bedrag genoteer in die skedule en waarvoor bykomende premie betaal is.
C) Indien enige versekerde gebou vir 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie klousule opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy jy voor die plaasvind van enige skade ons skriftelike toestemming verkry vir die voortsetting van hierdie klousule. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van

	onbewoning word jy 'n mede-versekeraar saam met ons en dra jy 'n eweredige deel van enige skade, gelykstaande aan 25% (twintig present) van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.
Kragstuwing	Hierdie uitbreiding is gewysig ten einde met die bogenoemde benadering rondom versekerde gevare te belyn. Die uitbreiding lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig) Kragstuwing A) Hierdie afdeling is uitgebrei om kragstuwing te dek vir enige elektriese toerusting terwyl dit in die gebou(e) is op die perseel vermeld in die skedule. B) Hierdie uitbreiding dek nie kragstuwing wat voortspruit uit weerlig nie. C) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag uiteengesit in <u>Aanhangsel B</u>, of sodanige hoër bedrag in jou skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is.
Insakking en grondverskuiwing – beperkte dekking	Hierdie uitbreiding word gewysig en beperk nie voortaan skade tot sodanig dat dit deur vloeiende oppervlakwater veroorsaak moet word nie. Die uitbreiding lees nou soos volg: Insakking en grondverskuiwing – beperkte dekking A) Ons dek vernietiging van of skade aan die gebou(e) veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing as gevolg van or veroorsaak deur 'n versekerde gevaar soos uiteengesit ingevolge D1.4.1 Versekerde gebeurtenisse. B) Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie: - vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fundamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word; - vernietiging van of skade aan septiese- of opgaartenks, rirole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, terrasse, hekke, hekpale of heinings, tensy spesifiek as 'n aparte item in die skedule verseker en hierdie uitbreiding as ingesluit aangedui word; - skade veroorsaak deur of te wyte aan foutiewe ontwerp, materiale of vakmanskap of die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is; - skade veroorsaak deur of te wyte aan werksmense wat besig is met toevoegings, verbouings of herstel van die gebou(e) op die versekerde perseel; - skade veroorsaak deur of te wyte aan uitgrawings, hetsy bogronds of ondergronds, buiten uitgrawings wat verband hou met mynbedrywighede; - daaropvolgende verlies van enige aard, behalwe Verlies van Huurgeld indien spesifiek onder hierdie afdeling verseker; - skade aan skermure, opritte, plaveisel, swembaddens, tennisbane, sauna en spa-kamers / baddens of patios; - skade veroorsaak deur of te wyte aan kontrakisie / inkrimping en / of uitsit van grond veroorsaak deur vog / klamheid of voginhoud van sodanige grond soos ondervind in klei or ander soortgelyke grond; - skade veroorsaak deur of te wyte aan onvoldoende kompaksie van invul; - skade veroorsaak deur erosie langs riviëre of kuslyne; - skade veroorsaak deur normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e). - werk benodig om verdere verlies of skade as gevolg van insakking, opheffing of grondverskuiwing te verhoed, behalwe waar toepaslike ontwerp-voorsorgmaatreëls tydens die oorspronklike oprigting van die gebou(e), en enige daaropvolgende aanbouings, ingestel is. C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou rus om die teendeel te bewys.
F2.6 Geboue Omvattend Opsionele Uitbreidings	
Insakking en grondverskuiwing – uitgebreide dekking	Hierdie uitbreiding is gewysig ten einde met die wysigings rondom 1.5 hierbo te belyn. Opwelling is nie meer ingesluit nie. Die uitbreiding lees nou soos volg: Insakking en grondverskuiwing – uitgebreide dekking

- A) Ons dek vernietiging van of skade aan die gebou(e) veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing as gevolg van of veroorsaak deur 'n versekerde gevaar soos uiteengesit ingevolge D1.4.1 Versekerde gebeurtenisse.
- B) Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:
- a) vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fondamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;
 - b) vernietiging van of skade aan septiese- of opgaartenks, riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, terrasse, hekke, hekpale of heinings, tensy spesifiek as 'n aparte item in die skedule verseker en hierdie uitbreiding as ingesluit aangedui word;
 - c) skade veroorsaak deur of te wyte aan foutiewe ontwerp, materiale of vakmanskap of die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;
 - d) skade veroorsaak deur of te wyte aan werksmense wat besig is met toevoegings, verbouings of herstel van die gebou(e) op die versekerde perseel;
 - e) skade veroorsaak deur of te wyte aan uitgrawings, hetsy bogronds of ondergronds, buiten uitgrawings wat verband hou met mynbedrywighede;
 - f) daaropvolgende verlies van enige aard, behalwe Verlies van Huurgeld indien spesifiek onder hierdie afdeling verseker;
 - g) skade veroorsaak deur of te wyte aan kontraksie / inkrimping en / of uitsit van grond veroorsaak deur vog / klamheid of voginhoud van sodanige grond soos ondervind in klei or ander soortgelyke grond;
 - h) skade veroorsaak deur of te wyte aan onvoldoende kompaksie van invul;
 - i) skade veroorsaak deur normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e).
 - j) werk benodig om verdere verlies of skade as gevolg van insakking, opheffing of grondverskuiwing te verhoed, behalwe waar toepaslike ontwerp-voorsorgmaatreëls tydens die oorspronklike oprigting van die gebou(e), en enige daaropvolgende aanbouings, ingestel is.
- C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou rus om die teendeel te bewys.

Afdeling F03: Kantoorinhoud

F3.4 Kantoorinhoud Dekking

Versekerde gevare

Die versekerde gevare word nou soos hieronder gelys. Bykomend is dekking uitgebrei om impak deur klippe en rotse in te sluit.

Jy is gedek vir verlies van of skade aan versekerde eiendom veroorsaak deur die volgende versekerde gevare wat by die perseel ontstaan of plaasvind, maar slegs vir daardie gevare wat in die skedule as ingesluit aangedui is.

Onder-afdeling A Inhoud

Onder-afdeling A: Inhoud

A) Brand

- a) Brand, insluitend skade veroorsaak deur rook wat direk uit sodanige brand voortspruit.
- b) Hierdie gevaar dek nie brandskade aan eiendom veroorsaak deurdat dit enige verhittings- of uitdrogingsproses ondergaan nie, tensy sodanige skade veroorsaak is deur brand wat onafhanklik van en ekstern tot sodanige verhittings- of uitdrogingsproses is.

B) Weerlig of donderslag

Weerlig of donderslag, insluitend skade deur kragstuwing wat direk uit sodanige weerlig voortspruit.

C) Ontploffing

D) Aardbewing

- a) Aardbewing, hetsy voortspruitend uit mynboubedrywighede of andersins.
- b) Hierdie gevaar dek nie skade aan eiendom in die ondergrondse werking van enige myn nie;

E) Water en weer

- a) Weerskade beteken skade veroorsaak deur storm, wind, water, hael of sneeu.
- b) Hierdie gevaar dek nie skade aan eiendom wat voortspruit uit enige proses wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels nie.

F) Impak

- a) Impak beteken impak deur:

- 1) lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;
- 2) diere, vallende bome / takke, antennas / lugdrade, satellietkottels of voertuie, met uitsluiting van enige skade aan sodanige diere, bome, antennas / lugdrade, satellietkottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.
- 3) **klippe en rotse, buiten:**
 - i. **impak veroorsaak deur insakking;**
 - ii. **die opsetlike of moedswillige aksie deur enige persoon met die intensie om sodanige skade te veroorsaak; of**
 - iii. **impak deur meteoriete, asteroïedes of soortgelyke hemelliggame wat die aarde se atmosfeer binnekom nie.**

G) Toevallige brekasie

Toevallige brekasie van spieëlglas, glasblaie van meubels of vaste glas wat deel uitmaak van enige meubelstuk.

H) Diefstal

- a) Diefstal (of enige poging daartoe), wat gepaard gaan met sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit die perseel, of as gevolg van diefstal (of enige poging daartoe) wat gepaard gaan met geweld of dreigende geweld.
- b) Ons sal nie onder hierdie onder-afdeling aanspreeklik wees vir diefstal (of poging daartoe) deur enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers nie
- c) Die maksimum betaalbare bedrag met betrekking tot diefstal sal nie die persentasie genoteer in Aanhangsel B, na die afrekening van die bybetaling, sal oorskry nie.

Beperking:

Ons aanspreeklikheid ingevolge hierdie onder-afdeling word ten opsigte van dokumente, manuskripte sakeboeke, planne, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms beperk tot die waarde van die materiaal en die bedrae wat aan arbeid bestee is.

F3.5 Kantoorinhoud Uitbreidings

Kragstuwing

Hierdie uitbreiding is gewysig om met die bogenoemde benadering rondom versekerde gevare te belyn.

Die uitbreiding lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Kragstuwing

- A) Hierdie afdeling is uitgebrei om kragstuwing te dek vir enige elektriese toerusting terwyl dit in die gebou(e) is op die perseel vermeld in die skedule.
- B) **Hierdie uitbreiding dek nie kragstuwing wat voortspruit uit weerlig nie.**
- C) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag uiteengesit in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag in jou skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is.

Afdeling F11: Sake Alle Risiko's

F11.5 Sake Alle Risiko's Opsionele Uitbreidings

**Afstandbeheer-
blokkering**

Hierdie opsionele uitbreidings is soos volg gewysig:

- **Die uitbreiding maak nou voorsiening vir die opsie om gespesifiseerde items vir die volle versekerde waarde teen afstandbeheer blokkering te verseker, onderhewig aan die voorwaarde dat beeldmateriaal van die diefstal beskikbaar is.**
- **In die afwesigheid van sodanige vereiste beeldmateriaal, sal die huidige R10 000 item perk steeds van toepassing wees.**

Die opsionele uitbreiding lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Afstandbeheer blokkering

- A) Ons sal jou vergoed vir die verlies van eiendom as gevolg van diefstal uit 'n onbewaakte voertuig **sonder sigbare tekens van kragdadige en gewelddadige ingang**, mits:
 - a) die gesteelde items in die skedule gespesifiseer was;
 - b) die items ten tyde van die diefstal gestoor is in 'n geslote kattedak en gevolglik ten volle versteek, of versteek is in 'n ingeslote kompartement wat deel uitmaak van die voertuig;
 - c) **die voertuig se vensters toe was en** jy gepoog het om die voertuig te sluit voor die diefstal; en
 - d) die gebeurtenis aan die polisie gerapporteer is en die saaknommer aan ons verskaf is in die eisvorm.

- B) Die vergoeding is beperk tot die **versekerde bedrag wat in die skedule genoteer is, mits jy beeldmateriaal van die gebeurtenis verskaf. In die afwesigheid van sodanige beeldmateriaal, sal vergoeding beperk wees tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.**

F11.6 Sake Alle Risiko's Klousules, Voorwaardes & Waarborges

Landboukundige masjinerie en toerusting in die ope

Die klousule is aangepas om op te klaar dat die **vloeduitsluiting onder die 100-jaar vloedlyn tot pompe en verwante toerusting beperk is.**

Die klousule lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Landboukundige masjinerie en toerusting in die ope

Dekking word uitgebrei om landboukundige masjinerie en toerusting wat ontwerp is om in die ope lug te wees, in te sluit, maar sluit **vloedskade aan pompe en verwante toerusting in riviere, op rivieroewers en spruite onder die historiese 100 (honderd) jaar maksimum vloedhoogtemerk, uit.**

Afdeling F13: Elektroniese Toerusting

F13.6 Elektroniese Toerusting Opsionele Uitbreidings

Afstandbeheer-blokkering

Hierdie opsionele uitbreidings is soos volg gewysig:

- Die uitbreiding maak nou voorsiening vir die opsie om gespesifiseerde items vir die volle versekerde waarde teen afstandbeheer blokkering te verseker, onderhewig aan die voorwaarde dat beeldmateriaal van die diefstal beskikbaar is.
- In die afwesigheid van sodanige vereiste beeldmateriaal, sal die huidige R10 000 item perk steeds van toepassing wees.

Die opsionele uitbreiding lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Afstandbeheer blokkering

- A) Ons sal jou vergoed vir die verlies van eiendom as gevolg van diefstal uit 'n onbewaakte voertuig **sonder sigbare tekens van kragdadige en gewelddadige ingang**, mits:
- a) die gesteelde items in die skedule gespesifiseer was;
 - b) die items ten tyde van die diefstal gestoor is in 'n geslote katebak en gevolglik ten volle versteek, of versteek is in 'n ingeslote kompartement wat deel uitmaak van die voertuig;
 - c) **die voertuig se vensters toe was en** jy gepoog het om die voertuig te sluit voor die diefstal; en
 - d) die gebeurtenis aan die polisie gerapporteer is en die saaknommer aan ons verskaf is in die eisvorm.
- B) Die vergoeding is beperk tot die **versekerde bedrag wat in die skedule genoteer is, mits jy beeldmateriaal van die gebeurtenis verskaf. In die afwesigheid van sodanige beeldmateriaal, sal vergoeding beperk wees tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.**

Afdeling F19: Landbou Besproeiing

F19.1 Landbou Besproeiing Definisies

Besproeiings-toerusting

Die definisie van besproeiingstoerusting is gewysig om nou vir die insluiting van die **besproeiingstoerusting, transformator, ondergrondse kables, pomp en ondergrondse pype in 'n enkele versekerde bedrag voorsiening te maak.**

Die definisie lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Besproeiingstoerusting

Besproeiingstoerusting op wiele (insluitende 'n sentrale spilpunt) en onderdele en toebehore terwyl daarby of daaraan aangeheg, insluitend:

1. die volledige stel torings, sentrale punt en stut, oorhang en bande aan elke toring, sowel as die kragboks / kontrolepaneel by die sentrale punt; en
2. **die transformator en ondergrondse elektriese kables wat elektrisiteit vanaf sodanige transformator aan die sentrale punt verskaf, onderhewig daaraan dat sodanige kables nie 300m (driehonderd meter) in lengte oorskry nie; en**
3. **die pomp en ondergrondse pype wat water vanaf sodanige pomp aan die sentrale punt verskaf.**

Afdeling F19: Landbou Besproeiing (vervolg)

F19.4 Landbou Besproeiing Dekking

Die **Wind** dekkingsopsie word deur die **Versekerde gevare** opsie vervang. Hierdie sal voortaan, tesame met die onveranderde Alle Risiko's dekkingsopsie, beskikbaar wees. Die nuwe dekkingsopsie lees soos volg:

Versekerde gevare

Versekerde gevare

Indien hierdie dekkingsopsie geselekteer is, is jy gedek vir verlies van of skade aan besproeiingstoerusting vermeld in die skedule wat direk deur die volgende versekerde gevare veroorsaak word, maar slegs vir daardie gevare wat in die skedule as ingesluit aangedui is:

A) Brand

Brand, insluitend skade veroorsaak deur rook wat direk uit sodanige brand voortspruit.

B) Ontploffing

C) Aardbewing

Aardbewing, hetsy voortspruitend uit mynboubedrywighede of andersins.

D) Water en weer

a) Weerskade beteken skade veroorsaak deur storm, wind, water, hael of sneeu.

b) Hierdie gevaar dek nie skade aan eiendom:

1) veroorsaak deur 'n vloedgolf of tsunami wat ontstaan as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting;

2) veroorsaak deur jou versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om skade tot 'n minimum te beperk;

nie.

F19.6 Landbou Besproeiing Opsionele Uitbreidings

Prysaanpassingsklousule

Nuwe opsionele uitbreiding

Prysaanpassingsklousule

A) Gedurende die versekeringstydperk (eerste jaar):

Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(e), soos in die skedule genoteer, van besproeiingstoerusting onder hierdie afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie, soos in die skedule vermeld, wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepaling slegs van toepassing op die versekerde bedrag(e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

B) Ná die versekeringstydperk (tweede jaar):

Indien, ná afloop van 'n eis, die herinstelling of vervanging van die versekerde eiendom nog nie teen die einde van die versekeringstydperk gefinaliseer is nie, sal addisionele inflasionêre kostes, wat tot en met die finalisering van die herinstelling of vervanging deur jou aangegaan is, as volg deur ons gedek word:

Indien dit vermeld is in die skedule, sal die bedrag(e) wat van toepassing was gedurende die versekeringstydperk waartydens die eis ontstaan het (soos verhoog deur die bepaling in A) hierbo, verder verhoog word met die persentasie soos vermeld in die skedule.

C) By elke hernuwingsdatum, moet jy ons in kennis stel van die bedrag(e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. Indien jy versuim om ons in kennis te stel, word die bepalings van hierdie klousule gestaak.

Aanspreeklikheid Afdelings

Afdeling LF01: Gemeenregtelike Aanspreeklikheid (Boerdery)

LF1.1 Gemeenregtelike Aanspreeklikheid Definisies

Die volgende definisies word bygevoeg:

Algemene aanspreeklikheid	Soos aangedui in die skedule, sal verband hou met die skadeloosstellingsperke en eerste bedrae betaalbaar van toepassing op enige eis wat gedek is ingevolge hierdie afdeling wat nie sy eie meer spesifieke skadeloosstellingsperke of eerste bedrae betaalbaar het nie.
Besering	Dood, liggaamlike besering, liggaamlike kwaal of siekte van of aan enige persoon
Besigheid	Jou besigheid soos omskryf in die polisskedule
Besoedeling	Die afskeiding, uitlating, vrylating, verspreiding, wegdoening, deursypeling of ontsnapping van vaste, vloeibare of gasagtige of termiese besmetters of prikkelmiddels insluitende dampe, reuke, stanke, vogtigheid, walms, rook, roet of ander lugpartikels, sure, alkalieë, chemikalieë en afval, elektromagnetiese golwe, geraas, vibrasies, ander emissies van afval of skadelike stowwe in of op die grond, die atmosfeer of enige waterweg of liggaam van water.
Koste en uitgawes	Koste, fooie, uitgawes en regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van jou verhaalbaar is of wat deur ons of deur jou met ons vooraf skriftelike toestemming aangegaan word: - in die verdediging of skikking van enige eis ingevolge hierdie afdeling van die polis of enige aksie of vervolging wat teen jou aanhangig gemaak word ten opsigte van Besering of Skade of ander aanspreeklikheid soos verseker ingevolge hierdie afdeling van die polis. - in die verteenwoordiging by enige geregtelike doodsondersoek of ongeluksnavraag ten opsigte van Besering wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling van die polis mag wees en/of in die verdediging van enige geregtelike stappe in 'n Hof met toepaslike jurisdiksie ten opsigte van aangeleenthede wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling van die polis mag wees.
Produk	Enige tasbare eiendom (insluitend houters en etikette) nadat dit jou bewaring of beheer verlaat het, wat deur of namens jou ontwerp, gespesifiseer, geformuleer, vervaardig, gebou, geïnstalleer, verkoop, verskaf, versprei, behandel, gediens, gewysig of herstel is.
Skade	Toevallige verlies van of fisiese skade aan tasbare eiendom.
Werknemer	Persoon(e) in jou diens ingevolge 'n dienskontrak of vakleerlingskap

LF1.5 Gemeenregtelike Aanspreeklikheid Opsionele Uitbreidings

Voedsel en drank	Nuwe opsionele uitbreiding. Die uitbreiding lees soos volg: Voedsel en drank A) Uitsluiting 1.7.9: Goedere of produkte verkoop sal nie van toepassing wees of besering of skade wat deur voedsel en drank (insluitend houters) wat deur jou in die loop van jou besigheid verkoop of verskaf word, veroorsaak word nie, met dien verstande dat: a) die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, insluitend enige regskoste wat van jou verhaalbaar is deur enige eiser of groep eisers en alle ander koste en uitgawes met ons toestemming aangegaan, vir enige gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met 'n enkele oorsaak of bron of gedurende enige een (jaarlikse) dekkingsperiode, nie die perk in <u>Aanhangsel B</u> sal oorskry nie; b) ons nie aanspreeklik sal wees vir die volgende nie: - die koste om die voedsel en drank te vervang; of - die koste om enige voedsel en drank te herroep.
-------------------------	--

LF1.7 Gemeenregtelike Aanspreeklikheid Uitsluitings

Goedere en produkte verkoop	Inaggenome die nuwe Voedsel en drank opsionele uitbreiding, is hierdie uitsluiting soos volg gewysig: Goedere en produkte verkoop Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid as gevolg van besering of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word of verband hou met goedere of produkte (insluitende houters en etikette) verkoop of verskaf en verbruik word elders as op die perseel wat deur jou bewoon word, behalwe voedsel en drank wat sonder vergoeding deur jou verskaf word vir verbruik op die perseel.
------------------------------------	--

Motor Afdeling

Afdeling MF01: Motor

MF1.5 Motor Opsionele Uitbreidings

Motorhuur

Klousule C) van hierdie uitbreiding is gewysig om uit dit duidelik te maak dat die motorhuur voordeel sal eindig sodra die herstelde voertuig gereed is om afgehaal te word.

Klousukle C) lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

C) Die gehuurde motor sal verskaf word vir 'n periode wat nie die aantal opeenvolgende dae, wat deur jou gekies en in die skedule genoteer is (30, 60 of 90 dae), oorskry nie, en die periode waarvoor die voertuig verskaf word sal eindig op die dag wat:

- a) **die herstel van jou voertuig voltooi is en die voertuig vir kollektering aan jou beskikbaar gestel word;** of
- b) ons ons aanspreeklikheid vir die algehele verlies van die voertuig ontslaan, watter ookal eerste plaasvind.

(Nota: indien motorhuur geselekteer is sonder dat daar 'n periode in die skedule genoteer is, dan sal 'n voordeel van 30 (dertig) opeenvolgende dae van toepassing wees.)

Afkoop van die basiese bybetaling

Hierdie opsionele uitbreiding is gewysig om nou ook die opsie te bied om die bybetaling op sleepwaens en karavane wat vir privaatgebruik verseker is, af te koop.

Die opsionele uitbreiding lees nou soos volg: (alle wysigings is in vetdruk uitgelig)

Afkoop van die basiese bybetaling

A) Onderhewig daaraan dat hierdie opsionele uitbreiding vir die betrokke voertuig **wat in die skedule genoteer is**, geselekteer is, word die basiese eerste bedrag betaalbaar van voertuie omskryf in die betrokke voertuigkategorieë hieronder, geskrap:

- a) Voertuigkategorie A (sedan en LAW);
- b) Voertuigkategorie D (motorfietse); en

c) Voertuigkategorie E (sleepwaens en karavane) – slegs privaatgebruik;

B) Hierdie dekking sluit Uitbreidings MS1.4.2 Verlies of skade aan slotte en sleutels en MS1.4.6 Windskerm / glas in.

AANHANGSEL A: BYBETALINGS

Boerdery Afdelings

Afdeling F02: Geboue Omvattend	Voor 1 Desember 2025	Vanaf 1 Desember 2025
F2.6 Geboue Omvattend Uitbreidings		
Diefstal van eksterne vaste toebehore	nvt	10% van bruto eis, minimum R1 500

Motor Afdeling

Afdeling MF01: Motor	Voor 1 Desember 2025	Vanaf 1 Desember 2025
Kategorie A: Sedans en LAWs		
Enkelvoertuig ongeluk bybetaling	bykomende R1 000 per eis	nul
Kategorie C: Spesiale tipes		
Basiese eerste bedrag betaalbaar – alle eise buiten weerlig (trekkers en stropers):		
a) versekerde waarde minder as R800 000	a) 5% van bruto eis, minimum R2 000	a) 5% van bruto eis, minimum R3 000
b) versekerde waarde bo R800 000	b) 10% van bruto eis, minimum R2 000	b) 5% van bruto eis, minimum R3 000
Basiese eerste bedrag betaalbaar – weerlig eise (trekkers en stropers):		
a) versekerde waarde minder as R800 000	a) 5% van bruto eis, minimum R2 000	a) 10% van bruto eis, minimum R3 000
b) versekerde waarde bo R800 000	b) 10% van bruto eis, minimum R2 000	b) 10% van bruto eis, minimum R3 000

AANHANGSEL B: PERKE

Afdeling: Algemeen	Voor 1 Desember 2025	Vanaf 1 Desember 2025
4. Algemene bepalinge en voorwaardes		
Veiligheidswagte	nvt	R10 000 per eis

Stellar Lewenstyl nie-motor afdelings

Afdeling S01: Huiseienaars	Voor 1 Desember 2025	Vanaf 1 Desember 2025
S1.5 Huiseienaars Uitbreidings		
S1.5.2 Toevallige skade aan geboue	R50 000 per eis	R100 000 per eis
S1.5.3 Toevallige skade aan tuine	R50 000 per eis	R100 000 per eis
S1.5.11 Verlies van water deur lekkasie - Verlies van water - Lekkasje opsporing	- R25 000 per eis - nvt – geen dekking	- R25 000 per eis R3 500 per eis
S1.5.12 Ape en bobbejane	R10 000 per eis	R50 000 per eis
S1.5.13 Kragstuwing	R50 000 per eis	gebou versekerde waarde

Afdeling S02: Huisbewoners	Voor 1 Desember 2025	Vanaf 1 Desember 2025
S2.5 Huisbewoners Uitbreidings		
S2.5.2 Toevallige skade aan inhoud	R20 000 per eis	R50 000 per eis
S2.5.8 Voedsel en medikasie a) Voedsel b) Medikasie	a) R25 000 per eis b) nvt – geen dekking	a) R25 000 per eis b) R10 000 per eis
S2.5.15 Ape en bobbejane	R10 000 per eis	R50 000 per eis
S2.5.16 Kragstuwing	R50 000 per eis	inhoud versekerde waarde

Afdeling S03: Persoonlike Alle Risiko's	Voor 1 Desember 2025	Vanaf 1 Desember 2025
S3.3 Persoonlike Alle Risiko's Dekking		
S3.3.1 Ongespesifiseerde items - Versekerde eiendom (uitgesluit items hieronder gelys) - Mobiele elektroniese toerusting (insluitend skootrekenaars, tablette en sellulêre telefone)	- maksimum van 20% van de primêre woning se versekerde waarde onder die Huisbewoners afdeling - R100 000 per eis	- maksimum van 50% van de primêre woning se versekerde waarde onder die Huisbewoners afdeling beperk tot geselekteerde ongespesifiseerde alle risiko's perk
S3.4 Persoonlike Alle Risiko's Uitbreidings		
S3.4.1 Kruideniersware en huishoudelike goedere	R10 000 per eis	R20 000 per eis
S3.4.3 Afstandbeheerblokkering Ongespesifiseerde items: a) beeldmateriaal beskikbaar b) geen beeldmateriaal nie	a) R10 000 per eis b) R5 000 per eis	a) vervangingswaarde b) R5 000 per item

Gespesifiseerde items

- c) beeldmateriaal beskikbaar
- d) geen beeldmateriaal nie

- c) R20 000 per gespesifiseerde item
- d) R10 000 per gespesifiseerde item

- c) **nou in a) hierbo ingesluit**
- d) **nou in b) hierbo ingesluit**

Diefstal van items wat nie in 'n ingeslote kompartement versteek is nie

R10 000 per eis

R10 000 per eis

Aanspreeklikheid afdelings

Afdeling LF01 Gemeenregtelike Aanspreeklikheid (Boerdery)

Voor 1 Desember 2025

Vanaf 1 Desember 2025

LF1.5 Gemeenregtelike Aanspreeklikheid Opsionele Uitbreidings

Voedsel en drank

nvt – geen dekking

R1 000 000 per gebeurtenis

Motor afdeling

Section MF01: Motor

Voor 1 Desember 2025

Vanaf 1 Desember 2025

MF1.4 Motor Uitbreidings

MF1.4.2 Verlies van of skade aan slotte en sleutels

- a) Privaat gebruik
- b) Boerdery / Besigheids gebruik

- a) R20 000 per eis
- b) R20 000 per eis

- a) **R50 000 per eis**
- b) R20 000 per eis